Beste kollega

• Die berig in *Die Burger* van 14 Julie 2021

Met groot hartseer is kennis geneem van ’n berig in *Die Burger* van 14 Julie 2021. Dié berig handel oor die inhoud van Die Strand-gemeente se gemeentebrief waarin hulle redes aanvoer vir hulle dolering. In die brief word die suggestie gemaak dat die Algemene Sinode se omgaan met kernaspekte van die kerk se belydenisgrondslag, verdag is. Volgens die skrywe word dit aan gemeentes oorgelaat om “self te besluit” oor ’n lys van belangrike sake soos die opstanding, die duiwel ens. By lesers van die artikel, wat nie op hoogte is van sinodale besluite nie, het dit die persepsie laat ontstaan dat die besluite van die Algemene Sinode nie meer die integriteit van byvoorbeeld die opstanding van Christus en ander kernmomente van ons belydenis handhaaf nie. Tereg het dié persepsie oor ’n wye front ontsteltenis en reaksie uitgelok.

Verdagmakery ten opsigte van die besluite van die Algemene Sinode het in die sosiale media geëskaleer op ’n onverkwiklike manier wat die kerk geensins tot heil strek nie.

Die prosesse en besluite van die Algemene Sinode is uiters deursigtig. Alle notules en agendas is vir die publiek beskikbaar. ’n Spesiale taakspan is ook na die Algemene Sinode van 2019 aangewys om vrae rondom die besluite oor selfdegeslagverhoudings te hanteer.

Die belangrikheid van die NG Kerk se belydenisgrondslag is bo verdenking. Die NG Kerk is ’n kerk wat onomwonde erns maak met die gesag van die Skrif en haar belydenisskrifte. In dié verband kan daar net gekyk word na Artikel 1 van die Kerkorde en die beskrywing van wie ons is op die kerklike webblad.

Dit is een saak om ontevredenheid oor ’n sinodale besluit aan te spreek deur van kerkordelike remedies gebruik te maak. Dit is egter ’n ander saak as ontevredenheid lei tot verdagmakery ten einde sekere agendas te bevorder.

Hopelik sou die kerkraad van Die Strand-gemeente kan aandui dat daar meer aan hulle verklaring toegedig is as wat hulle bedoeling was. Gesprekke met dié gemeente is reeds aan die gang.

Intussen is sterk verklarings gemaak deur die voorsitter van die Ring van Somerset- Wes, dr Christo Benade, asook die voorsitter van die Algemene Sinode, ds Nelis Janse van Rensburg.

Reaksie op 7 punt van beswaar van die NG Gemeente die Strand

Strand verklaring

Die Strand Julie 2021